QUELLERINA GEMEENTE

5 MEI 2024

# DIENSNUUS

**Welkom by vandag se Erediens. Mag jy die Here se teenwoordigheid hier ervaar.**

# GEFOKUS VIR 40 DAE

Die gemiddelde lewensverwagting vandag is 22 550 dae. Dit is hoe lank jy gaan leef as jy aan daardie gemiddelde voldoen. Dink jy nie dit is dan 'n goeie gebruik van tyd om 40 van daardie dae opsy te sit om uit te vind wat God wil hê jy met die res van hulle moet doen nie?

Hier is die volgende temas waaraan ons gaan raak

19 Mei
Wat is my doel hier op die aarde

26 Mei
Persoonlike kontak met jou Skepper - maak Sy Vadershart bly

2 Junie
Ons is God se familie - Ons is gebou om familie-mense te wees

9 Junie
Jy begin al hoe meer na Christus aard – want 'n kind aard na sy (Hemelse) Ouer

16 Junie
Omdat jy verstaan wil jy graag doen - gemaak vir 'n taak

23 Junie
Ek kan dit nie meer vir myself hou nie - "Jy is die belangrikste bemarker van goeie nuus

**Meer inligting by die Doelgerigte tafels**

Meer as 13 miljoen van *The Purpose-Driven Life* reeds verkoop

# DIE DOELGERIGTE LEWE



**BESKIKBAAR**
**TEEN**
**R300**
**BY DIE DEUR**

Wat op aarde doen ek hier?

RICK WARREN

**QUELLERINA GEMEENTE**

# *Kalender*

**Sondag 5 Mei 2024**

**09:00 Erediens - Ds. Henk Theart**

**Tema: "40 dae om dinge te verander: "Was jy al 'n Moses""**

**Skriflesing:  Eksodus 3 & 34**

**09:00 JIK (3jr - Gr 3) & KFC (Gr 4- Gr 6)**

**17:30 JAM (Gr 7 - Gr 11) & R18 (Gr 12 - Studente)**

**Woensdag 8 Mei 2024**

**09:00 Bybelstudie**

**10:15 Watervaldiens**

**Donderdag 9 Mei 2024**

**19:00 Hemelvaartdiens**

**Sondag 12 Mei 2024**

**09:00 JIK (3jr - Gr 3) & KFC (Gr 4- Gr 6)**

**17:30 JAM (Gr 7 - Gr 11) & R18 (Gr 12 - Studente)**

**Kom geniet 'n koppie warm koffie of tee saam met jou medegelowiges**

# QUELLERINA GEMEENTE

## *Besoekers & Nuwe intrekkers*

**Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. As jy 'n nuwe intrekker is, sal ons jou graag binne ons gemeente wil verwelkom. Voltooi asseblief die "nuwe intrekkervorm" wat by die deure beskikbaar is en handig dit by die kerkkantoor in. Ons sal dan graag met jou 'n persoonlike ontmoeting reël.**

## *Dankoffers en kollektes*

### Gee:

1) per debietorder (vorm by deure of QR kode)
2) in 'n koevert wat jy kan plaas in die kollektebord
3) per internet betaling.

**Rekeninghouer: NG Quellerina**
**ABSA (Clearwater Mall)**
**Tak-kode: 632005**
**Rekeningnr: 01003961211 (Tjek)**

Hartlike dank aan elkeen wat selfs in die moeilike finansiële omstandighede ons gemeente steeds finansieel ondersteun. Ons dank die Here vir die goeie gesindheid en ondersteuning.

## *Verjaardagmaats*

**Sondag 5 Mei 2024**

Lana Gouws, Jaco Kruger, Juané Swanepoel, Hester Swart

**Maandag 6 Mei 2024**

Madalyn Jonker, Erika Kolbé

**Dinsdag 7 Mei 2024**

Kiley Potgieter, Caleb Smith

**Woensdag 8 Mei 2024**

Bastian Du Plessis, Mishke Ebersohn, Christa Gouws

**Vrydag 10 Mei 2024**

Eddie Bodemer, Mariska van Schalkwyk, Marina van Stryp

**Saterdag 11 Mei 2024**

Lelani Langeveldt, Cavey Parker, Engela van der Merwe

# QUELLERINA GEMEENTE

## *"Kom ons bid saam"*

***Vader God, soos Moses op die berg, wil ons in U teenwoordigheid fokus op U woorde, sodat ons ook met stralende gesigte U boodskap van liefde kan uitleef in 'n honger wêreld.***

## *Gebedslys*

- **Tersia Troskie het 'n heupoperasie ondergaan en is besig om te herstel**
- **Annette vd Berg het 'n voetoperasie gehad**
- **Met Ann De Beer se gesondheid gaan dit nie meer goed nie**
- **Hendrik Vorster is nou in 'n versorgingseenheid. Ons bid nog vir hom**
- **Jerrica Grace herstel van oogoperasies**

**Baie dankie vir elkeen se gebede**

***Laat weet gerus van enige behoeftes sodat Ds. Henk Theart (083 449 5510) kan help met ondersteuning en leiding ten opsigte van berading/tuisbesoek/krisisse/hospitalisasie en verhoudings.***

QUELLERINA GEMEENTE

# Burgershoop (Krugersdorp) Voedingskema

**BAIE BAIE DANKIE!!! Aan elkeen wat tot dusver ‘n kontant bydrae gemaak het en weekliks kos produkte vir ons bring, ons waardeer die oneindig baie.**

**Piet Becker is die hoof van die voedingskema. Hulle gee elke Saterdag van 15:00 af vir die mense in die omgewing ‘n bord kos. Daar is ongeveer 300 mense wat elke Saterdag kom. Hulle gee ook broodjies vir verskeie kinders by die skool (Ebenaeser).**

## Hulle benodig die volgende:

*Boontjies
*Gemengde groente
*Lensie
*Enige vleis
*Aartappels
*Uie
*Wortels
*Tamaties
*Stock / Soppoeier
*Rys/samp
*Papmeel
*Grondboontjiebotter



**Benodig jy meer inligting? Kontak vir Riana op 083 623 7096**

**Kontantskenkings ook welkom:**

**Rekeninghouer: NG Quellerina; Bank: ABSA (Clearwater Mall);**
**Tak-kode: 632005; Rekeningnr: 01003961211 (Tjek); Verwysing: Burgershoop**

QUELLERINA GEMEENTE

# VOORUITSIGTE VIR DIE NABYE TOEKOMS

## Kinderkerk

2JR GR 3 & GR 4- GR 6

5 MEI 2024 OM 09:00

## JAM (Jesus and Me)

GR7-GR11 & GR12-STUDENTE

5 MEI 2024 OM 17:30



## Bybelstudie


IN DIE JEUGLOKAAL

8 MEI 2024 OM 09:00

## HEMELVAARTDIENS

9 MEI 2024 OM 19:00





## MOEDERSDAG

12 MEI 2024



QUELLERINA GEMEENTE

# *VOORUITSIGTE VIR DIE NABYE TOEKOMS*



## PINKSTERDIENSTE

13-15 MEI 2024

IN DIE KERKSAAL



## Gefokus vir 40 dae

19 MEI ‘24



# Moedersdag Verkope

## Moedersdag Sweetie Jars

Bederf jou mamma vir Moedersdag
(12 Mei 2024)
Kom koop vir haar n Sweetie Jar teen **R50** n JAR.
Verkope sal plaasvind Sondag 5 Mei & Sondag 12 Mei



## Moedersdag BADSOUT




'N MAMMA WIL OOK BIETJIE ONTSPAN!!!

R60 VIR 350G

GEURE:
LAVENDER EN LEMON

AGTER IN DIE SAAL TE KOOP

# COUNTRY MUSIEKAAND

## Vrydag 7 Junie 2024

18:00 vir 18:30

81 LANGELAAN, QUELLERINA

R150.00 p.p.



Leonard Lang

*Kaatjies te koop after in die saal*

## Lekker sop, bredie en broodjies

# *Eie Notas:*